*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/22)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 25 Maart 2022*

***"The day is what you make it! So why not make it a great one?" Steve Schulte***

## SLUITINGSDATUMS VIR AANSOEKE – EKONOMIESE TRANSFORMASIE VAN SWART SITRUSPRODUSENTE PROJEK (JF8 / 1388)

SLUITINGSDATUM: 30 APRIL 2022: Die Citrus Growers Association wil graag die sluitingsdatum vir die proses om aansoek te doen vir befondsing en ondersteuning, onder die "Economic Transformation of Black Citrus Growers Programme" (JF8 / 1388), aankondig.


BESOEK ASSEBLIEF ONS WEBWERF OM DIE AANSOEKVORMS AF TE LAAI EN DIEN AANSOEKE AANLYN IN https://cga-gdc.org.za/jobs-fund-application

Kontak asseblief die CGA Grower Development Company indien u verdere inligting in hierdie verband verlang: Mnr Lukhanyo Nkombisa, Hoofbestuurder lukhanyo@cga-gdc.org.za; Me Yolanda Ntlakaza, Besigheidsondersteuningsbestuurder yolanda@cga-gdc.org.za ; Mnr. Andrew Mbedzi, Produksie- en Tegniese Ondersteuningsbestuurder am@cga-gdc.org.za

## FOKUS OP UITVOERE VANAF MAPUTO HAWE VIR 2022 (Mitchell Brooke)

'n Hernieude fokus op die uitvoer van sitrus vanaf Maputo gedurende 2022 neem vinnig vorm aan. Die ontwikkelings in Maputo word mees beskrywend vergelyk met 'die hoender of die eier'-scenario, sou produsente vir die skepe wag, of sou skeepsrederye vir die vrag wag. Wel 'n aantal produsente en hul uitvoer-agente het hulle verbind tot 'n aantal houers per week om dit vir CMA CGM aanloklik te maak om 'n skip 'n week te plaas. Houers is alreeds beskikbaar en deur PPECB goedgekeur en, wag om te laai. Die onmiddellike fokus is op uitvoere na Verre Oosterse lande wat nie koue-behandeling of vooraf-verkoeling benodig nie aangesien die houers warm by 'n fasiliteit in Maputo gelaai gaan word. Pogings is aan die gang om moontlik ook hierdie jaar koue-behandelingshouers na China te stuur – 'n DALLRD-goedgekeurde inspeksiepunt word voorberei asook PPECB-goedkeuring van 'n koue-behandelingsfasiliteit in Malelane – dit moet egter eers vooraf deur Chinese owerhede goedgekeur word. Aan die begin word 'n bepekte aantal houers vir 2022 beplan, maar sou die stelsel werk, kan dit die weg vir meer uitvoere later in die jaar baan en die begin wees vir toekomstige uitbreiding van die Maputo-korridor. Vir meer inligting kontak óf Dawie Scholtz dawie@maputoft.com en /of John McDonald DBA.JMACDONALD@cma-cgm.com.

## SUID-AFRIKA SE VERSKEPINGS NA OEKRAÏNE




Alhoewel Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere na die Oekraïne oor die afgelope drie jaar min was, is daar 'n aansienlike opwaartse neiging in uitvoere na daardie bestemming, veral te sien in suurlemoene en valencia lemoene. Ongelukkig het die konflik in die Oekraïne enige uitvoere in 2022 gestuit.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die syfers van suurlemoene wat gepak is, is gelyk aan verlede jaar met 2,6 miljoen kartonne wat reeds gepak is. Pomelo se syfers van wat gepak is, is hoër as 2021 op dieselfde datum (74 000 teenoor 57 000 kartonne); terwyl satsumas wat gepak is, se syfers 'n afname van 123 000 kartonne toon ( 2021) tot 61 000 kartonne (2022) toon. Net 11 000 kartonne nawels is tot op datum gepak.